

**18 Augustus**

**Skrifgedeelte: Josua 1:1-7**

**Fokusgedeelte: Josua 1:6**

### **Ragab se geloofskeuse**

Die verspieters oornag by 'n prostituut! Hierdie optrede toon nie 'n ligsinnige omgaan met die opdrag van Josua nie. Sy het aan hulle 'n herberg voorsien en 'n besoek aan haar sou minder aandag trek as om in 'n gewone herberg te gaan oornag. Haar huis op die mure van die stad het ook 'n vinnige ontsnaproete gebied. God het hulle daarheen gelei. Hulle moes Ragab ontmoet, want vir haar was die besoek van die grootste betekenis. Dit het 'n keerpunt in haar lewe gebring. Die aankoms van die Israëliete is opgemerk. Spoedig was daar 'n paar lede van die "stadspolisie" by Ragab met die koninklike bevel om die vreemde mans uit te lewer. Sy het egter die kant van die vreemdelinge gekies en hulle sorgvuldig gaan wegsteek. Haar optrede lyk vir ons vreemd. Sy het haar eie lewe in gevaar gestel.

Waarom sy hulle nie uitgelewer het nie, moet ons sien in die lig van twee Skrifgedeeltes. In Hebreërs 11:31 lees ons: "Deur die geloof het Ragab, die hoer, nie saam met die ongehoorsames omgekome nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het." Jakobus 2:25 sê: "En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie?" Ragab se geloof in die God van Israel is die sleutel om haar optrede te verklaar. Deur die krag van haar geloof het sy haar eie lewe gevaar gestel. Sy het geglo en toe 'n geloofskeuse gemaak! Met 'n daad het sy haar geloof bevestig.

Hoe lyk ons optrede as gelowiges? God eis van ons as gelowiges dat die geloofswerke ook daar sal wees. In Jakobus 2 word gehandel oor die nutteloosheid van die geloof sonder die werke. Dit is 'n dooie geloof! Geloof in die soenverdienste van Jesus Christus wek ons op tot werke van dankbaarheid. Sy Heilige Gees bring lewe uit doodsheid.

*Sing: Skrifberyming 14:1,2 Ds P van Wyk (Pretoria-Noord)*